

# Vrydag 30 Julie

Skrifgedeelte: Hooglied 8:11-13

Fokusgedeelte: Hooglied 8:11-13

## Christus is genoeg vir my

Ons lees van twee wingerde. Die een is die bruidegom se wingerd, en die ander behoort aan Salomo. Die bruidegom is baie tevrede met sy wingerd. Hy begeer nie 'n ander wingerd nie, nie eers Salomo se wingerd nie. Die bruidegom vergelyk sy een bruid met Salomo se harem, naamlik sy 700 vroue en 300 byvroue. Die bruidegom is meer tevrede met sy een vrou as met die skynbare vreugdes wat soveel vrouens sou bied. Hy sien meer waarde in sy vrou, want sy het haarself vir hom gegee. In vers 13 wys die man sy koesterende liefde vir sy vrou.

Hier is 'n sterk vermaning vir baie van ons in hierdie paar verse. Wys ons vir ons eggenote die liefde wat ons vir God beloof het ons vir hulle sou gee? Daar is altyd nog werk, nog iets wat in en om die huis gedoen moet word, en so gaan weke verby sonder dat jy vir jou eggenoot gewys het hoe lief jy hom/haar het.

Wanneer jy jou liefde wys teenoor jou huweliksmaat, dan wakker jy sy/haar liefde vir jou aan. Daardeur hou ons die huwelik 'n veilige en gesonde plek.

Jesus Christus is ons eerste liefde. Ek en jy behoort Hom elke dag in alles ons eerste prioriteit te maak. Ons liefde vir Hom kan deur ons daad uitstraal, sodat almal kan sien hoe waardig Hy is om gedien te word.

Bid dat die Here vir jou een plek in jou huwelik sal wys waar jy jou huweliksmaat beter kan liefhê. Bid ook dat ons Here vir jou een plek in jou liefde vir Hom sal uitwys waarin jy kan groei. Maak dan erns om daardie een ding so goed te doen as wat jy kan.

*Sing: Psalm 142-1:1, 4 (melodie van Ps. 100)*

*Ds. PJ Hattingh (Peter) (Okahandja)*